# GOVERNMENT NOTICE
# GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTMENT OF HEALTH
## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

**No. R. 394** **21 May 2012**

**HEALTH PROFESSIONS ACT, 1974 (ACT NO.56 OF 1974)**

## REGULATIONS RELATING TO THE REGISTRATION OF INTERN PSYCHOLOGISTS

The Minister of Health has, under sections 61(1) and 61(2) of the Health Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), and after consultation with the Health Professions Council of South Africa, made the regulations in the Schedule.

## SCHEDULE

### Definitions

1. In these Regulations "**the Act**" means the Health Professions Act, 1974 (No. 56 of 1974), and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates -

"**approved facility**" means a hospital, clinic or a health care centre which provides training that has been approved by the board for the purpose of internship training;

"**board**" means the Professional Board for Psychology established in terms of section 15 of the Act;

"**penalty**" means the fee payable for late registration prescribed under Rules promulgated in terms of section 61A of the Act.

**Registration as intern in psychology**

**2.** Any person who holds a qualification prescribed under the Regulations relating to the qualifications which entitle Psychologists to registration and made in terms of section 24 of the Act or any person who holds a qualification accepted by the board under section 25 of the Act shall, before he or she is entitled to registration as a psychologist in any category of such registration, undertake training to the satisfaction of the board as an intern psychologist for a period and in the manner prescribed in regulation 5, unless the board exempts him or her partially or in full from this requirement on submission of documentary evidence, to the satisfaction of the board, of internship or equivalent training undergone or experience obtained.

**Requirements for registration**

**3.** A person contemplated in regulation 2 must apply to the board for registration as an intern, and –

(a) in the case of an intern psychologist who commences training at an approved facility for training of intern psychologists, within one month following the commencement of that training; or

(b) in the case of an intern psychologist who on the date of publication of these

regulations had already commenced training at an approved facility for training of intern psychologists, within one month after the date of publication of these regulations into law.

**Information to be submitted by an applicant to the board**

**4.** A person referred to in regulation 2 must –

(a) submit an application for registration as an intern in psychology to the board on an application form supplied by the board, and duly completed in person;

(b) submit proof that he or she holds a qualification referred to in regulation 2 or that he or she holds a qualification accepted by the board in terms of section 25 of the Act and has passed an examination or other assessment determined by the board;

(c) submit the name of the approved facility at which he or she was admitted to undergo training as an intern and must notify the board in writing in advance if he or she intends to change from that facility to another approved facility; and

(d) pay the prescribed registration fee.

**Conditions of internship training**

**5.1** The internship training to be undertaken by an intern psychologist shall meet the following conditions–

(a) internship training must be for a period of twelve (12) months and where it is broken or interrupted it shall consist of periods which, when added together, are not less than twelve months in total, including vacation leave not exceeding one month per annum, and must comply with the criteria laid down by the board from time to time;

(b) no such break or interruption must exceed a period of one year if the period of training prior to such break or interruption is to be recognized as part of completed internship training;

(c) the period of twelve months of internship training contemplated in paragraph (a) must be completed within a period of two years from the date of registration as intern psychologist under the Act;

(d) if an intern does not complete his or her internship training within a period of two years, his or her registration in terms of the Act shall be cancelled, unless—

(i) he or she furnishes the board with satisfactory reasons as to why his or her registration should not be cancelled ; and

(ii) he or she complies with conditions which the board may determine for the completion of the internship training, and for the board to recognize the applicant's internship training, the conditions may include the passing of the board national examination in psychology; and

(e) the training must be undertaken by an intern at a facility approved by the board.

**5.2** (a) if a facility contemplated in sub-regulation (1) (e) is not available, the board may, at its discretion, accept alternative training, which in the board's opinion is equivalent to a training at a facility approved by the board;

(b) when approving a facility or alternative training, the board may stipulate that only a portion of an intern's training must be undertaken at facility and that remainder must be undertaken at another approved facility;

(c) if internship training at an approved facility is regarded by the board for any reason to be inadequate or unsatisfactory, the board may withdraw the approval of that facility, in which case the board must inform any interns at that facility accordingly in writing and request those interns to undertake internship training at another approved facility for their remaining period of internship training.

**Duty certificate as proof of training**

**6.1** Upon completion of internship training, an intern must submit a duty certificate to the satisfaction of the board that he or she has satisfactorily undertaken internship training as required by the board and it must be a precondition for registration as a psychologist;

**6.2** The duty certificate contemplated in subregulation (1) must be issued by Authorized official of an approved training facility where an intern successfully undertook internship training.

**Penalty**

**7.** Where an application for the registration of a name on the register of intern psychologists or for its restoration thereto together with documents and fees referred in regulation 4, as the case may be, is submitted after the date specified in regulation 3, such application must be subject to the prescribed penalty in respect of each month or part of a month by which the application is submitted after the date so prescribed.

**Commencement and repeal**

**8.** These regulations shall commence on the date of the publication thereof and the Regulations published under Government Notice R1331 in Government Gazette 26982 of 19 November 2004 are hereby repealed.

**DR. A MOTSOALEDI, MP**
**MINISTER OF HEALTH**
**DATE:** 17/4/2012

**No. R. 394** **21 Mei 2012**

## WET OP GESONDHEIDSBEROEPE, 1974 (WET NO. 56 VAN 1974)

## REGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN INTERN-SIELKUNDIGES

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 61(1) en (2) van die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en na oorleg met die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

## BYLAE

### Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies beteken **"die Wet"** die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en het enige uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, daardie betekenis, en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken-

**"beroepsraad"** die Beroepsraad vir Sielkunde wat ingevolge artikel 15 van die Wet ingestel is;

**"boete"** die gelde betaalbaar vir laat registrasie wat voorgeskryf word kragtens die reëls wat ingevolge artikel 61A van die Wet afgekondig is;

**"goedgekeurde fasiliteit"** 'n hospitaal, kliniek of 'n gesondheidsorgsentrum wat opleiding verskaf wat deur die beroepsraad goedgekeur is vir die doeleindes van internskapopleiding.

**Registrasie as intern-sielkundige**

**2.** Enige persoon wat 'n kwalifikasie besit wat voorgeskryf is kragtens die *Regulasies betreffende die kwalifikasies wat sielkundiges die reg verleen op registrasie*, wat uitgevaardig is ingevolge artikel 24 van die Wet, of enige persoon wat 'n kwalifikasie besit wat ingevolge artikel 25 van die Wet deur die beroepsraad aanvaar word, moet voordat hy of sy geregtig is op registrasie as 'n sielkundige in enige registrasiekategorie,. opleiding ondergaan as 'n intern-sielkundige tot die tevredenheid van die beroepsraad vir 'n tydperk en op die wyse in regulasie 5 voorgeskryf, tensy die beroepsraad hom of haar gedeeltelik of ten volle vrystel van hierdie vereiste by voorlegging van dokumentêre bewys, tot die tevredenheid van die beroepsraad, van internskap- of gelykwaardige opleiding wat ondergaan is of ondervinding wat opgedoen is.

**Vereistes vir registrasie**

**3.** 'n Persoon in regulasie 2 bedoel, moet by die beroepsraad aansoek doen om registrasie as 'n intern-sielkundige en–

(a) in die geval van 'n intern-sielkundige wat met opleiding by 'n goedgekeurde fasiliteit vir die opleiding van intern-sielkundiges begin, binne een maand na die aanvang van daardie opleiding; of

(b) in die geval van 'n intern-sielkundige wat op die datum van publikasie van hierdie regulasies reeds met opleiding by 'n goedgekeurde fasiliteit vir die opleiding van intern-sielkundiges begin het, binne een maand na die datum van publikasie van hierdie regulasies.

**Inligting wat aansoeker by die beroepsraad moet indien**

**4.** 'n Persoon in regulasie 2 bedoel, moet–

(a) 'n aansoek om registrasie as 'n intern-sielkundige by die beroepsraad indien op 'n aansoekvorm wat deur die beroepsraad voorsien word en persoonlik behoorlik ingevul is;

(b) bewys voorlê dat hy of sy 'n kwalifikasie in regulasie 2 bedoel, besit of dat hy of sy 'n kwalifikasie besit wat ingevolge artikel 25 van die Wet deur die beroepsraad aanvaar word en 'n eksamen of ander assessering wat deur die beroepsraad bepaal word, geslaag het;

(c) die naam van 'n goedgekeurde fasiliteit voorlê waar hy of sy toegelaat is om opleiding as 'n intern-sielkundige te ondergaan en moet die beroepsraad vooraf skriftelik in kennis stel indien hy of sy voornemens is om daardie fasiliteit vir 'n ander goedgekeurde fasiliteit te verruil; en

(d) die voorgeskrewe registrasiegeld betaal.

**Voorwaardes van internskapopleiding**

**5.1** Die internskapopleiding wat 'n intern-sielkundige moet ondergaan, moet aan die volgende voorwaardes voldoen:

(a) Internskapopleiding moet 'n tydperk van 12 maande duur en, waar dit onderbroke is of onderbreek word, moet dit uit tydperke bestaan wat, as dit saamgevoeg word, minstens 12 maande in totaal is, met inbegrip van vakansieverlof van hoogstens een maand per jaar, en moet dit voldoen aan vereistes van tyd tot tyd deur die beroepsraad bepaal.

(b) Geen sodanige onderbreking mag 'n tydperk van een jaar oorskry nie indien die tydperk van opleiding voor sodanige onderbreking as deel van die voltooide internskapopleiding erken moet word.

(c) Die tydperk van 12 maande internskapopleiding in paragraaf (a) bedoel, moet voltooi word binne 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van registrasie as intern-sielkundige ingevolge die Wet.

(d) Indien 'n intern-sielkundige nie sy of haar internskapopleiding binne 'n tydperk van twee jaar voltooi nie, word sy of haar registrasie ingevolge die Wet ingetrek, tensy-

(i) hy of sy die beroepsraad voorsien met bevredigende redes waarom sy of haar registrasie nie ingetrek moet word nie; en

(ii) hy of sy voldoen aan voorwaardes wat die beroepsraad kan bepaal vir voltooiing van die internskapopleiding en, vir die beroepsraad om die aansoeker se internskapopleiding te erken, kan die voorwaardes die slaag van die beroepsraad se nasionale eksamen in sielkunde insluit.

(e) Die internskapopleiding moet deur 'n intern-sielkundige by 'n goedgekeurde fasiliteit onderneem word.

**5.2** (a) Indien 'n fasiliteit in subregulasie 5(1)(e) bedoel nie beskikbaar is nie, kan die beroepsraad na goeddunke alternatiewe opleiding aanvaar wat na die beroepsraad se mening gelykwaardig is aan opleiding aan 'n fasiliteit wat deur die beroepsraad goedgekeur is.

(b) By die goedkeuring van 'n fasiliteit of alternatiewe opleiding kan die beroepsraad bepaal dat slegs 'n deel van 'n intern se opleiding by daardie fasiliteit onderneem moet word en dat die oorblywende deel by 'n ander goedgekeurde fasiliteit onderneem moet word.

(c) Indien internskapopleiding by 'n goedgekeurde fasiliteit om enige rede deur die beroepsraad as ontoereikend of onbevredigend beskou word, kan die beroepsraad die goedkeuring van daardie fasiliteit intrek, in welke geval die beroepsraad enige intern-sielkundiges by daardie fasiliteit skriftelik dienooreenkomstig moet inlig en versoek om internskapopleiding by 'n ander goedgekeurde fasiliteit te ondergaan vir die oorblywende tydperk van internskapopleiding.

**Dienssertifikaat as bewys van opleiding**

**6.1** By voltooiing van internskapopleiding moet 'n intern-sielkundige 'n dienssertifikaat tot die tevredenheid van die beroepsraad indien dat hy of sy internskapopleiding bevredigend ondergaan het soos deur die beroepsraad vereis, en dit is 'n voorvereiste vir registrasie as 'n sielkundige.

**6.2** Die dienssertifikaat in subregulasie 6(1) bedoel, moet uitgereik word deur 'n gemagtigde amptenaar van 'n goedgekeurde opleidingsfasiliteit waar 'n intern internskapopleiding suksesvol ondergaan het.

**Boete**

**7.** Waar 'n aansoek om die registrasie van 'n naam op die register van intern-sielkundiges of vir die terugplasing daarvan op die register tesame met die dokumente en gelde in regulasie 4 bedoel, na gelang van die geval, ingedien word ná die datum in regulasie 3 bepaal, is sodanige aansoek onderhewig aan die voorgeskrewe boete ten opsigte van elke maand of deel van 'n maand waarmee die aansoek na die datum aldus voorgeskryf, ingedien word.

**Inwerkingtreding en herroeping**

**8.** Hierdie regulasies tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die *Staatskoerant*, en die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1331 in *Staatskoerant* 26982 van 19 November 2004 word hierby herroep.

**DR A MOTSOALEDI**
**MINISTER VAN GESONDHEID**